Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

7 September 2022
Nuusbrief No 30

Liewe Ouers,
Ouma- en Oupadag was 'n vrolike en opgewekte dag waar jonk en ou(er) dit ewe veel geniet het. Baie dankie vir die wonderlike atmosfeer wat geheers het met die sambrele, gazebo's, komberse en piekniekmandjies. Dit was feestelik en gesellig.

Olifant- en Kameelperdklasse Koekverkoping: Vrydag 9 September 2022:

- "There's a rumble in the Jungle"... Kom ondersteun ons by die koektafels van 7:00 tot 8:30 en weer van 12:30 tot 13:30.
- Dankie aan die Kameelperd- en Olifantklasse wat dit reël en die eetgoed skenk.
- U is welkom om kontant te betaal, met d6, of om 'n kaartbetaling via 'n beskikbare YOCO masjientjie te maak. Indien u met d6 betaal, moet u net vooraf geld in u d6 beursie laai en die betaling is so maklik soos om die QR Kode te skandeer en die bedrag oor te plaas.
- Die kinders kan weer R5 of R10 saambring en die personeel sal hulle vanaf 8:30 na die koekverkoping neem om ietsie te koop wat hulle na verversingstyd kan geniet.
- Neem asseblief alle ander verkope huis toe vir die naweek.
- Kom koop ietsie by ons Wildtuin!

Kaskar & Gladiatordag: Uitgestel:

- Die Laerskool bied 'n jaarlikse Kaskar- en Gladiatordag (springkasteledag) aan waaraan ons kleutertjies ook deelneem vir die pret.
- Op die kwartaalbeplanners is dit aangedui vir 16 September.
- Die Laerskool het egter die datum na November toe geskuif. Ons sal aan u, wanneer dit nader aan die tyd is, al die inligting en nuwe datum deurgee.

Dogzcool-Hondevertoning: Woensdag 21 September 2022:

- Ons is so opgewonde oor die hondevertoning wat as instappie aan **al** ons kleuters gebied gaan word. Dit is oulike honde wat hulle toertjies kom wys en vir groot genot sorg. Oom Lloyd wys ook hoe gehoorsaam en slim sy honde is. Ons hoop SHINE bring weer al sy ander hondemaats wanneer hy ons besoek!
- Voltooi asseblief die skeurstrokie waarin u toestemming verleen dat u kleuter aan hierdie aktiwiteit mag deelneem.
- Die koste per kind is **R40. Handig die bewys van betaling (geen kontant word ontvang nie) saam met die skeurstrokie in by die klasonderwyseres. Gebruik asseblief die familiekode en projeknommer P772 as verwysing.**
- **Die klasonderwyseresse moet die betalings afmerk in die betalingsregister.**
- Dit beloof om 'n hoogtepunt te wees.

Fotodag: Dinsdag 13 September & Woensdag 14 September 2022:

- Ons jaarlikse foto's word volgende Dinsdag en Woensdag geneem.
- Die foto's gaan aan u in pakketvorm aangebied word, en is **glad nie verpligtend nie.**
- Die agtergrond is grys met wit kolletjies. Ons sal op die WhatsApp groepe voorbeelde plaas wat die fotograwe deurgestuur het. U kan u kleinding se kleredrag daarvolgens beplan.

Dinsdag 13 September:

- **Lammetjieklas**
- **Kalfieklas**
- **Eendjieklas**

Woensdag 14 September:

- **Hasieklas**
- **Olifantklas**
- **Kameelperdklas**

Gedagte vir die week:
Hier is goeie raad oor kinders grootmaak wat voorheen in Finesse-tydskrif gepubliseer is:

Duidelike reëls is die eerste stap:
Billike reëls skep grense en gee 'n gevoel van voorspelbaarheid. Dr. James Dobson, Christenskrywer oor gesinsake, sê dat reëls die belangrikste stap in die hele dissiplinêre proses is. "Kinders moet vooraf weet wat aanvaarbaar is en wat nie, want anders kan jy hulle nie verantwoordelik hou vir verkeerde optrede nie."

Volgens hom sal dit keer dat kinders te na gekom voel as hulle gestraf word vir oortredings en blapse. "As jy dit nie gedefinieer het nie, mag jy dit nie afdwing nie," sê hy.

Dis makliker om grense te stel wanneer ouers emosioneel nader aan hulle kinders is. Warmte en geduld moet voorrang kry bo die "spare the rod and spoil the child-beginsel."

Kinders se emosionele en fisieke behoeftes verskil wel, maar om konflik te vermy, behoort daar eenvormigheid oor alle basiese reëls te wees. Dinge soos inkomtye, slaaptye en wie tot wanneer mag TV kyk, behoort die kind se ouderdom en persoonlikheid in ag te neem. Dis belangrik dat die straf by die oortreding moet pas. Maak doodseker dat almal weet wat die straf is. Reëls behoort op julle gesin se waardestelsel gebaseer te wees – lei dus deur jou voorbeeld. Moenie net straf nie, maar beloon ook goeie gedrag.

Roetine laat alle kinders veilig en geborge voel:
'n Vaste roetine gee sekuriteit en 'n ritme aan julle huislike lewe. Jou kinders weet nie net wat om te verwag nie, maar ook wanneer om dit te verwag. Daar is bewys dat kinders wat op spesifieke tye eet, speel en slaap, rustiger is en makliker aanpas by dinge soos kleuterskool, skool en gesinskrisisse.

Dis alles reg as jou kind soms die roetine verbreek vir spesiale geleenthede of weens onvoorsiene omstandighede. Roetine is soos 'n dieet: Begin net so gou moontlik weer.

Rituele skep herinnerings en 'n identiteit:

In 'n groot gesin is rituele veral belangrik, want dit is die gom wat besige gesinne bymekaar hou. Dit is een van die maklikste maniere om 'n goeie verhouding met jou kinders te bou, want die bekende rituele laat hulle tuis en veilig voel.
Doen-dinge is die sleutel hier, eerder as passiewe aksies soos TV kyk.

Geniet die week verder. Ons sien u by die koekverkoping Vrydag!

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥LAG♥GRAAG♥



PARKIELAND OUMA- EN OUPADAG 2022

Wat gebeur op Ouma se bank???

Net pret en plesier, lawwigheid en vrolikheid hier!!!

Lag maak die wêreld 'n beter plek.



Vandag is so 'n lekker dag.
'n Dag van kuier speel en lag.
My hartjie klop so vreeslik bly,
Want oupa en ouma kuier by my.

Welkom hier by Parkieland,
Die beste skool in die hele land.
Vir julle is ek vreeslik lief,
Ek bly vir altyd julle hartedief!